Die Posduif
Nuusbrief van die NG Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

Visie: *Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
Missie: *Geloof, Koinonia en Getuienis*

Jaargang 20 2de Kwartaal 2019

STREWE NA DIE DINGE DAARBO!

"Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. 2 Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie 3 want julle lewe is saam met Christus verborge in God.
4 Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in al sy heerlikheid deel." (Kolossense 3 v 1- 4)

Die apostel Paulus gebruik oral in sy Briewe die formule "in Christus" of "saam met Christus". Hy bedoel daarmee dat ons gelowiges by Christus ingelyf is, so aan Hom verbind is dat ons deel kry aan Hom. Die verhouding tussen Hom en ons is so innig dat alles wat met Hom gebeur ook met ons gebeur. In ons teks noem hy vier sulke dinge.

1. Ons het saam met Christus GESTERWE (Kol. 3:3). Gewoonlik verwys hierdie uitdrukking na ons versoening met God deur die kruisdood van ons Here Jesus Christus. Hier beteken dit egter dat ons saam met Hom die wettiese godsdienstige reëls "afgesterf" het (vgl Kol. 2:20). Na Goeie Vrydag hoef ons ons nie meer te steur aan wêreldse godsdienstige leerstellings nie. So 'n mensgemaakte godsdiens is nutteloos (Kol. 2: 20-23). Ons doen net wat die Here van ons vra.

2. Ons is saam met Christus OPGEWEK (Kol. 3: 1). Toe ons Here daardie skone Sondagmôre ongeskonde uit die graf tree, het daar vir ons almal 'n totaal nuwe bedeling aangebreek. Die mag van die dood is nou finaal verbreek. Sy angel is uitgetrek. Die dood is nou nie meer die einde van ons lewe nie, maar die begin van 'n nuwe ewige lewe saam met Hom, vir altyd by Hom (1 Tess. 4:17).

3. Ons het saam met Hom OPGEVAAR. Hierdie waarheid kan ons aflei uit die feit dat Christus na sy hemelvaart "sit aan die regterhand van God" (Kol. 3: 1). Na ons hier op aarde gesterf het, is ons lewe immers ook "saam met Christus verborge in God". Presies hoe dit sal wees, bly 'n misterie. Maar juis omdat ons as' t ware reeds, saam met die Here, opgevaar het na die hemel, mag ons nie langer aardsgesind wees nie (Kol. 3:1,2,5). Ons het nou die "ou mens" en sy gewoontes uitgetrek en "die nuwe mens" aangetrek (Kol. 3: 9-10). Christene wat hemelvaart gevier het kan nie daarna dieselfde bly nie; hulle MOET en SAL anders dink en doen.

4. Ons sal saam met Hom WEER KOM (Kol 3: 4). Wanneer Christus weer kom, sal Hy in heerlikheid verskyn. Verby is al die vernedering en opoffering van sy eerste koms. Die lydende Dienskneg is nou die triomfantelike Koning van die konings en die Here van die heersers (Opb. 19). En ons? Omdat ons by Hom ingelyf is, innig aan hom verbind is, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid. Ons sal saam met Hom leef en regeer tot in ewigheid. Amen. *Sybrand Strauss*

FRANS EN AMANDA VAN DER MERWE – OUD-LERAAR VAN PARYS-WES

Frans en Amanda van der Merwe woon in die verre Kanada, hul lees graag die Posduif en ons kry gereeld terugvoering van hulle. Dit gaan goed met hulle en hy kry nog geleentheid om daar te preek. Hy het op 10 Maart 2019 vir Aiden Johannes van Zyl (foto) in North Battleford, Kanada op versoek van die ouers en grootouers ex Suid Afrika, met die Verbondsdoop as teken en seël, gedoop. Die kerke in Kanada glo net aan die grootdoop en onderdompeling. Aangesien die mamma ‘n Kanadees is, is die diens in Engels gehou en Amanda het klavier gespeel en die sang gelei. Frans sê “*Dit was vir my ‘n besondere geleentheid om as emeritus van Parys-Wes ook in Kanada ‘n kindjie te doop*”.

Hy en Amanda is op 8 Maart 2019 in Saskatoon as burgers van Kanada ingesweer. Hul het egter hul Suid Afrikaanse burgerskap behou.

‘n Groot voordeel van Kanadese burgerskap is die gratis mediese versorging wat hul kry. Kanada het ‘n staatsgesondheidstelsel en 40% van Kanada se belastinginkomste word daaraan bestee. Frans sê dit is ‘n baie duur stelsel en hy dink nie SA sal dit ooit kan bekostig nie. (‘n Siening wat ook plaaslike gesteun word.) (vdmerwefrans@me.com).

PINKSTER 2019 - NG GEMEENTE PARYS-WES

Die Pinksterdienste word vanjaar om 18:00 by Parys-Wes gehou en prof Sybrand Strauss sal dit lei. Almal in Parys is uitgenooi om die Pinkster saam met Parys-Wes te vier en na afloop van die aanddienste sal daar lekker saam gekuier word om 'n koppie sop en 'n broodjie. Die aand se boodskap word telkens die volgende oggend om 10:00 herhaal.

Die Heilige Gees in die lewe van Konings Saul en Dawid			
Sondag	2 Junie	Hy verander ons	1 Samuel 10 : 6, 9, 10
Maandag	3 Junie	Hy kan ons verlaat	1 Samuel 16 : 14
Dinsdag	4 Junie	Hy gee ons geloof	1 Samuel 16 : 13; 17 : 45 - 47
Woensdag	5 Junie	Sonder Hom is ons verlore	2 Samuel 11 : 27
Donderdag	6 Junie	Hy lei ons tot sonde-erkenning en versoening	2 Samuel 12 : 13

NUWE INTREKKERS

Hartlik welkom aan die volgende nuwe intrekkers in die gemeente. Ons vertrou dat jul betrokkenheid by NG Parys-Wes vir jul van groot waarde sal wees. Kontak gerus die kerkkantoor as jy iewers by een van die Diensgroepe wil inskakel of net iewers wil help.

NAAM	ADRES	VORIGE GEMEENTE	WYK	KONTAKNOMMER
Nico en Joan Wassermann	River Edge 5	Sonhoogte, Germiston	Noorder	0718776079
Wilna de Villiers	Lushof 10, Vredefort	Ventersdorp Moedergemeente	Pistoriusrust M3	0630899986
Ruan Uys Reneé Coetzee	Lushof 10, Vredefort Laurettehof 6	Ventersdorp Moedergemeente Dagbreek, Welkom	Pistoriusrust M3 Venus	- 0723990293

ALGEMENE VERKIESING 2019

Op 8 Mei is daar deur die land kruisies getrek en een van die stemlokale was weer in Parys-Wes se kerksaal. Die stemdag is voorafgegaan deur 'n reeks politieke debatte wat RSG in verskillende sentra gehou het. Op 17 April is een van die debatte onder leiding van Anita Visser van RSG in ons saal gehou. Die RSG aanbieders Justin Kennerly en Vincent Mofokeng was ook saam met haar hier.

Op stemdag is die vure vroeg aangesteek vir die worsbroodjies wat saam met koffie verkoop is en 'n bedrag van R2013 is ingesamel. Dankie aan almal wat gehelp het.

ONSE VADER

Ek kan nie sê : Onse ……..	As ek net vir myself lewe nie
Ek kan nie sê : Vader …….	As ek nie Sy kind word nie
Ek kan nie sê : Wat in die Hemel is …….	As ek aardsgebonde is nie
Ek kan nie sê : Laat U naam geheilig word ……	As ek Sy naam ydelik gebruik nie
Ek kan nie sê : Laat U koninkryk kom …….	As ek teen Sendingwerk is nie
Ek kan nie sê : Laat U wil geskied ……...	As ek altyd my eie sin wil hê nie
Ek kan nie sê : My daaglikse brood ……	As ek spandabelrig is nie
Ek kan nie sê : Vergeef ons skulde …….	As ek nie berou het nie
Ek kan nie sê : Soos ons skuldenaars vergewe .	As ek met 'n wrok rondloop nie
Ek kan nie sê : Lei ons nie in die versoeking nie.	As ek met sonde speel nie
Ek kan nie sê : Aan U behoort die koninkryk ….	As ek Jesus nie dien nie
Ek kan nie sê : En die Krag ……...	As daar nog vrees in my hart is nie
Ek kan nie sê : En die Heerlikheid ……...	As ek die eie ek in my lewe regeer nie
Ek kan nie sê : Tot in Ewigheid ……	As ek nie Sy koms verwag nie
Ek kan nie sê : Amen …….	As ek nie kinderlik glo nie

Afrikaanse Stigting 2000 - Outeur – Onbekend

ONS SENIOR BURGERS - 80 JAAR EN OUER

Van harte geluk en innige seënwense. "Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en sterwe ..." Fil 1:20b

APRIL:

02 – Nico Oelofse (83): Gesondheid goed. Hou uit en hou aan!

06 – Annatjie Claassen (87): Gaan baie goed. Sy bestuur nog haar eie motor.

13 – Nellie Schlebush (87): Rug pla en haar asem is maar baie kort. Sy is nou 24 uur per dag op suurstof, maar gaan nog aan!

14 – Kotie Erasmus (94): Sy word in Najaarsrus versorg.

14 – Marie-Louise de Vries (84): Baie dankbaar vir baie goeie gesondheid. Gaan nog op haar eie aan en bly nog in haar meenthuis. Het nou al 1 192 briewe aan haar dogter wat in Maine, VSA woon geskryf!

18 – Heila Botha (86): Rug gee probleme en sy moet die 4de Junie velkanker laat uitsny. Baie sterkte!

20 - Etresia Henn (81): Baie dankbaar dat dit goed gaan, geen klagtes nie.

22 – Eleanor Coetzee (82): Kan met groot dankbaarheid sê dat dit goed gaan ten spyte van 'n rug wat nie aldag goed voel nie. Sy sê sy mik na 90!

24 – Dinkels Schultz (84): Baie dankbaar dat dit na verskeie terugslae weer baie goed gaan en dat sy kan rondloop.

MEI:

01 – May Uys (84): Geniet goeie gesondheid en het geen klagtes nie.

08 – Frikkie Botha (85): Dit gaan heeltemal wel. Daar is dingetjies wat kwel, maar hy kom nog mooi reg.

10 – Hazel Wentworth (81): Dit gaan baie goed, geen klagtes nie! Klein dingetjies wat pla maar dit is nie die moeite werd om daaroor te kla nie.
15 – Alet Fourie (82): Gaan goed, gesondheid goed.
15 – Sarie van Niekerk (82): Sy ondervind baie las van rugpyn waaraan daar niks gedoen kan word nie, maar sy is steeds positief en blymoedig.
16 – Anna van Brakel (81): Het geval, haar enkel gebreek en moet op die oomblik met ‘n rolstoel oor die weg kom. Sy is vol skete maar gaan nog aan!
21 – Nanna Wessels (82): Gaan goed, geen klagtes nie.
24 – Gert du Preez (83): Gaan goed, geen klagtes nie!
27 – Helena Scholtz (80): Gaan goed. Sy het gordelroos gehad maar die ergste is gelukkig verby.
28 – René Theron (80): Sy is nog baie gesond en het geen rede tot klagte nie. Sy het vir haar verjaarsdag by haar kinders gekuier.

JUNIE:

02 – Bok Ludwick (83): Alles goed en wel!
16 – Thomas Venter (83): Gaan goed, nie klagtes nie.
19 – Gert Marais (86): Gaan goed, geen ernstige klagtes nie.
20 – Gawie Nel (89): Oom Gawie sê hy was vir baie jare hier op die Kerkraad. Hy het Parys in 2002 verlaat maar is nou weer terug. Hy sukkel egter baie want hy kan nie meer loop nie en hoor ook nie goed nie.
21 – Kobus Myburgh (89): Rug pla maar verder geen klagtes nie. Hulle gaan vir twee maande na Weesgerus waar dit glo lekker warm is. Geniet dit!

MINI-BASAAR : 1 MAART 2019

Ons mini-basaar wat weer op Vrydag 1 Maart gehou is, was weereens ‘n lekker saamwees-geleentheid. Daar was heerlike eetgoed na elkeen se smaak en die basaar-poeding was soos altyd ‘n treffer. Die wit olifanttafel en die ander stalletjies was ook weer daar en die mense het heerlik gekuier en gesels. ‘n Mooi bedrag van R27 438 is ingesamel. Baie dankie aan almal wat gehelp het om die tafels met die nodige produkte te laai en aan elkeen wat op die dag gesorg het dat die tafels weer leeggemaak word.

Om vir God jou dank te bring/gee as jy nié so voel nie, is nie voorgee nie: dis gehoorsaamheid! *- Dr J Mitchell*

SOP-EN-BROOD-AAND

Op Vrydagaand, 31 Mei 2019, het die mense opgeruk na Parys-Wes se kerksaal want dit was weer tyd vir die jaarlikse sop-en-brood-aand. Hierdie geleentheid is ‘n goeie kans vir die bevordering van koinonia onder gemeentelede en besoekers uit die Parys-gemeenskap en sowat 160 mense het daarin gedeel. Dit was terselfdertyd ook ‘n fondsinsameling van die Diensgroep Getuienis sodat hulle ook die projekte wat hul namens die gemeente behartig, kan uitvoer. Die mooi bedrag van R4 065.00 is ingesamel.

Teen R30.00 vir volwassene en R20.00 per laerskoolkind was dit weereens ‘n winskoop. Mense is verwelkom met ‘n glasie sjerrie en daarna kon hul heerlik smul aan die vier verskillende soorte sop , tuisgebakte brode en lekker konfyt. Die geleentheid is met ‘n heerlike koppie koffie, geborg deur *Crater Coffees,* en ‘n soetigheidjie afgesluit. Almal is op die oog af, tevrede huis toe.

Daar is ook gesorg vir die mense wat by die huis wou gaan eet en heelwat het daarvan gebruik gemaak. Ons vertrou net dat hul ook volgende jaar by die lekker kuier in die saal sal aansluit.

Die aantal mense wat die geleentheid bywoon word ook elke jaar meer en vanjaar het 165 mense saam geëet. Dankie aan die dames wat gehelp het. Ons sien reeds uit na 2020 se sop-en-broodaand.

Die Diensgroep Getuienis sê baie dankie vir julle ondersteuning.

MEEL VIR KOSPAKKIES

Nadat die kospakkies vir die Kerskosprojek aangekoop is, was daan nog genoeg geld oor om 60x5kg sakkies mieliemeel aan te koop. Aangesien Pride Milling die gemeente se kosprojek al ‘n tyd lank ondersteun, is die meel by hulle aangekoop. Hulle het toe dadelik aangebied om ‘n verdere 60 sakkies te borg. Die laaste 80

sakkies is op 29 Mei 2019 by die kerk afgelewer en daar is nou genoeg meel vir die volgende vier maande se kospakkies vir die mense by die NG Kerk Schonkenville. Aangesien fondse beperk is, is hierdie ondersteuning van Pride Milling van groot waarde vir die gemeente en dit word hoog op prys gestel.

PARYS-WES HOU VLOOIMARK

Wat ‘n heerlike geleentheid! Die dames het vroeg-vroeg begin om panini-ontbyte te maak wat soos soetkoek verkoop het! Oudergewoonte het Crater Coffee’s se koffie ook groot aftrek gekry. Die saal was gepak met sowat 30 vlooimarktafels, insluitende 17 uitstallers. Die tweedehandse klere was ook baie gewild en die wit olifanttafel het gekreun onder al die winskope. Die worsbraaiers het intussen begin braai en ‘n allemintige worsbrood van 18-meter is aanmekaar gesit.

Weereens baie dankie aan al die gemeentelede wat op een of ander manier betrokke was. Dankie ook aan die stalletjie-eienaars vir hul ondersteuning en dan ook aan al die kopers wat ons gehelp het om R15 859 in te samel.

Ons kan nie anders om ook dankie te sê aan ons liewe Vader vir sy seën nie! Hy sorg vir ons!

Foto 1: Reuse worsbrood in wording - *Foto: Lisa Olivier*
Foto 2: Kopers staan reeds tou!! - *Foto: Dries de Jager*

BREEK ‘N BROODJIE!

Op Donderdagaand, 30 Mei 2019 het ds Barry van Wyk die Hemelvaartdiens vir die Parys-gemeentes by Parys-Wes gelei. Op Sondag 2 Junie om 18:00 is die eerste Pinksterdiens gehou en na afloop van die diens is almal genooi om saam in die saal ‘n broodjie te breek. Dankie aan ons dames wat weereens ruim voorsien het.

Grafika: Gereformeerde Vroueblad – Januarie 2017

‘n PAAR VLOOIMARK FOTO’S



Kommentaar of bydraes vir die Posduif kan gestuur word aan hansieb@lantic.net. Jul is ook welkom om Hansie of Elize Bekker te skakel by 056 811 4754 of 082 820 4306.